

KERSSPEL

Ons beplan 'n Kersspel op **26 November** en wil almal uitnooi om betrokke te raak. Ons beoog om 19 November na die diens te oefen, almal wat deel is van die Kersspel en reeds hulle name opgesit het moet asseblief daar wees. Ons het nog baie hulp nodig met dekor en die uitvoering wat op die dag gaan plaasvind. As jy voel jy wil ons help skryf asseblief jou naam op. Daar is lyste in die klassies sowel as by die tafels buite. Kontak gerus vir **ds. Jana Dickason of Etienne Snyman**.

SYLVIA NENE TYGERBERG HOSPITAAL

Ons wil graag weer gedurende November, totdat die skole sluit, toiletware bymekaar maak wat Sylvia onder die pasiënte kan uitdeel. Daarvoor moet ek op u samewerking staatmaak. In die sakkie moet wees: Waslap en seep, tandeborsel en tandepasta en deodorant.

Dit hoef NIE as 'n Kerspakkie opgemaak te wees nie, want dit word gedurende die jaar, soos dit benodig word, uitgedeel. Daar sal kartondose, gemerk **SYLVIA NENE**, in die portale wees waarin u die sakkie kan sit, of dit kan ook by die kerkkantoor afgegee word. Hierdie sakkie benodigdhede is vir die meeste pasiënte 'n luukse, en omdat hierdie projek elke jaar sò goed deur die gemeente ondersteun word, het ek regtig die vrymoedigheid om wêreld op u samewerking staat te maak.

Nogmaals baie dankie vir u bydrae. Kontak persoon: **Nana de Kock by 021 976 3618 of die kerkkantoor by 021 975 6370**.

BESPREEK VROEGTYDIG!!!! DORINGLAAGTE GEMEENTE KAMP 16-18 MAART 2018

**Bespreek by Alrina
by die kerkkantoor!**

Tel: 021 975 6370

E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za

KOSTES VIR 2018

Volwassenes:

R150p.p.p.n

Kinders:

Ouderdom 6-13 R50p.n

Ouderdom 14-18 R100p.n

DEPOSITO R300 PER
STAAKPLEK



AKTIWITEITE:

- VISVANG
- SWEMBADDENS EN "BEACH" SWEMBAD
- GOLFBAAN
- ROEIBOOTJIES
- 4X4
- BERGFIELS
- STAPROETES



GEMEENTEBULLETIN

Durbanville
Gemeente

KERKKANTOOR

Tel: 021 975 6370

E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za

Webblad: www.durbanvillegemeente.co.za

Facebook: Durbanville Gemeente

Instagram: @durbanvillegemeente

Twitter: @Dgemeente

Dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld

BANKBESONDERHEDE

ABSA, Durbanville-tak, Rekeningnommer: 1410580019

Naam: NG Gemeente Durbanville.

Verw: bv. RVos / MDO

HARTLIKE WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!

TYD	WAAR	VANDAG 12 NOVEMBER 2017	VOLGENDE WEEK 19 NOVEMBER 2017
09:00	Kerk: Klassieke diens	<i>Teks: Heb 4:12-13 en Ps 19</i>	<i>Teks: 1 Kron 29:10-19</i>
09:30	Sentrum: Familiediens	Ds. Jana Dickason	Ds. André van Wyk
10:00	Jeuggroepe	Ds. André Agenbag	Dr. Tinus van Zyl
10:00	Jeuggroepe	Voorskool – Gr. 3	Voorskool – Gr. 3
18:00	#theRock (Tieners)	Gr. 4 – 11	Gr. 4 – 11
		Ds. Jana Dickason	Ds. Jana Dickason



Jacques was 'n bekende gesig in Durbanville en is nou al vir die afgelope 2 jaar 'n inwoner by Huis Sonop. Jacques het onlangs by die kerkkantoor kom kuier en het ons dit goedgedink om vir hom en sy vriende noodsaaklike benodigdhede en 'n bederfje bymekaar te maak vir Kersfees. Daar is tans 24 dames en 36 mans.

Op Sondag, 12 November en 19 November sal daar bokse voor in die portale beskikbaar wees waar die skenkings in geplaas kan word. U is ook welkom om dit by die kerkkantoor af te gee. Die kerkkantoor sal die pakkies opmaak, baie dankie!

BENODIGHEDE
waslap, roll-on, badseep, tandeborsel en tandepasta, sokkies, haarborsel en 'n pakkie koekies.




VOORBIDDING

Weet jy van iemand wat siek of in die hospitaal is? Laat weet asb. vir Christa by die kerkkantoor 021 975 6370 X 103 / admin@durbanvillegemeente.co.za, sodat ons ook vir hulle kan bid / besoek.

Ons dink in ons gebede aan die volgende lidmaat wat siek is of behandeling ontvang:

- Johan du Plessis
- Sariët Bernhardt dogter van Eddie en Helienne Pretorius
- Catherina Oosthuizen
- MC Kitshoff
- Erik van Schalkwyk
- Babsie Vry



BAIE DANKIE AAN ONS VRYWILLIGERS VANDAG!

Rosa van Niekerk, Chantelle Colley, Gerda van Zyl en span, Johann van Tonder, Pierre en Esmé van Vuuren, Abe Koegelenberg, Hester Pretorius, Kobus en Riana Knoblauch en Gerhard van Niekerk

OFFERGAWES

Vandag se Spesiale offergawe gaan aan **Radio Kansel**. Radio Kansel en Radio Kaapse Kansel is 'n onafhanklike, transkerklike en transkulturele Christelike multimedia organisasie met die Goddelike opdrag om die evangelie van Jesus Christus hoofsaaklik aan alle Suid-Afrikaners te verkondig by wyse van hoë kwaliteit radio- en televisieprogramme, publikasies, die elektroniese media en uitreikaksies, met die doel om ongelowiges vir Christus te wen en gelowiges in hul Christelike geloof op te bou.



DURBANVILLE GEMEENTE BANKBESONDERHEDE

ABSA, Durbanville-tak, Rekeningnommer: 1410580019
Naam: NG Gemeente, Durbanville.

Indien jy enige bydrae elektronies inbetaal, gebruik jou noemnaam en van as verwysing asook waarvoor die inbetaling is. Baie dankie!

Of betaal met SnapScan

GR. 7 OUER EN KIND DAG

Ons nooi alle graad 7's en hul hele gesin uit om 19 November saam met ons te reis. Ons besef dat Gr. 7 tot 'n einde kom en die nuwe avontuur van die Hoërskool wag. Kom geniet die oggend waar ons bietjie gaan gesels oor die nuwe uitdagings en ook 'n paar gesin-speletjies gaan speel!

Tyd: 09:00 (tydens die diens)

Plek: De oude Caab

RSVP: voor 15 November by **Ds. Jana Dickason 082 614 1728**

JEUGLEIER KUIER

Ons nooi alle jeuggroepleiers om te kom saam kuier! Ons is baie dankbaar vir die harde werk, moeite en energie waarmee julle die jaar aanpak. As jeugleiers speel julle 'n baie belangrike rol in die geloofsontwikkeling van elke kind. Ons wil die jaar graag afsluit met 'n kuiertjie op **23 November om 18:30**. Die plek sal nog aangekondig word. R.S.V.P asseblief voor 15 November by **Alrina 021 975 6370**



DANKBAARHEIDSGEBED PSALM 145

Here God, vandag wil ons U loof. Dankie vir U wonderbaarlike Skepping. Dankie vir U onoortreflike plan vir ons lewens. Dankie vir U hand in ons huwelik. Here, ons wil U lof verkondig en U naam loof en prys. Ons is getuies van U magtige daade, want ons is gevul met dankbaarheid en lof vir U werk in ons lewens. Dankie dat die huwelik vir ons lekker is. Dankie dat U ons elke dag vir mekaar bewaar en dankie dat U ons net liever maak vir mekaar. Here, ons besef die huwelik is harde werk en niemand is kwytgeskeld van uitdagings nie. Dankie dat U ons gehelp het om elke uitdaging te oorkom en sterker aan die ander kant uit te kom. Help ons om ook 'n inspirasie te wees vir ander sodat hulle in ons kan sien watter wonderlike instelling die huwelik is. Maak dat hulle geïnspireerd voel om ook hierdie driehoek saam met U te betree wat ons die huwelik noem. Ons loof U. Ons prys U. Ons aanbid U. AMEN.

BEDANKING AAN LIDMATE VANAF ALTA DU TOIT

Graag wil ons julle bedank vir die donasie van R3 015.10. Dankie vir u oop hart, ongelooflike bydrae en dat u deel vorm van ons gemeenskap. U bydrae maak werklik 'n groot verskil in die lewens van ons inwoners.



AUPAIR / HUISHOUDSTER BENODIG

Liefdevolle gesin met 3 kinders 4, 5 en 7 jaar is opsoek na 'n huishoudster / Aupair wat kan deel raak van hulle gesin. Weekliks 08:30 tot 17:30. Oggende help met inkopies en ander take en middae gaan dit net oor die kinders. Huiswerk, rondry na aktiwiteite, speel, bak en brou ens. Die gesin het 'n voltydse huishulp.

Uitstekende salaris! Moet MAL lief wees vir kinders. **Kontak Macia op 084 653 0308 / 021 975 053**

NOVEMBER-MAAND IS DANKBAARHEIDSOFFER-MAAND

November-maand is Durbanville Gemeente se “**10de maand offer – maand**”.

Ons daag onself uit om 'n dankoffer te gee, so na as moontlik aan 'n werklike tiende van ons maandelikse inkomste. Dit is 'n geleentheid om 'n **spesiale offer “uit die hart”** te bring wat ek self graag sou wou hê maar in dankbaarheid vir God sal “weggee”. Ons glo dat dit elke lidmaat se eie verantwoordelikheid is om hierdie offers aan die Here te besorg.

Elke gemeente het verpligtinge met eie en ander werksaamhede wat die verantwoordelike hantering van alle fondse vereis en streng begrotingskontrole noodsaak. Saam met hierdie verpligtinge kom daar ook **roepstemme en uitdagings** om betrokke te raak by die nood van die wêreld en die uitbreiding van God se Koninkryk.

Ons mikpunt hierdie jaar is **R1 600 000-00**. Ons bede is dat al ons lidmate sal deelneem aan hierdie dankbaarheidsoffer-insameling en hul tiendes deur die loop van November sal bydra. **Baie dankie vir lidmate wat reeds hiertoe begin bydra het. Die bedrag van R246 250-00 is reeds ingesamel.**

Die **Dankbaarheidsoffer** kan op verskeie maniere gegee word :

- Gebruik die **Dankbaarheidsoffer koeverte** wat uitgedeel word en ook in die portale beskikbaar is.
- Bring die offer self deur die week na die **kantoor** of op 'n Sondag na die kerk. Dit kan ook in die **offergawe sakkie** geplaas word.
- Indien jy weet van iemand wat nie by die kerk / kerkkantoor kan uitkom nie, neem vir so 'n persoon 'n koevertjie en spreek af wanneer jy dit weer sal kom afhaal **OF** neem vrymoedigheid om die kerkkantoor te kontak by 021 975 6370 en praat met Christa. Sy sal 'n reëling tref om dit by jou af te haal.
- Betaal die offer **elektronies** oor in die gemeente se bankrekening : NG Gemeente Durbanville, ABSA Durbanville, Rek nr : 1410580019. Meld asb by die verwysing : voorletters en van / Dankbaar. **bv. J van Niekerk/Dankbaar.**
- Dankbaarheidsoffers kan ook saam met 'n dankbaarheidsbriefie in die **Oesmandjie** geplaas word wat in die liturgiese ruimte van die kerk en saal geplaas sal word.

Die Here is goed vir ons. Daarom eer ons die Here met offers van dank en lof. Mag God, aan wie elkeen en alles behoort ons harte vul met Sy liefde en krag sodat ons *dankbaarheidsoffers* kan bring wat Sy eer waardig is ... **Besin oor Sy goedheid ... Bid oor u gehoorsaamheid ... Gee dan uit dankbaarheid ... Leef in die vreugde dat God ons bly seën !**

NOVEMBER-MAAND IS DANKBAARHEIDSOFFER-MAAND

November-maand is Durbanville Gemeente se “**10de maand offer – maand**”.

Ons daag onself uit om 'n dankoffer te gee, so na as moontlik aan 'n werklike tiende van ons maandelikse inkomste. Dit is 'n geleentheid om 'n **spesiale offer “uit die hart”** te bring wat ek self graag sou wou hê maar in dankbaarheid vir God sal “weggee”. Ons glo dat dit elke lidmaat se eie verantwoordelikheid is om hierdie offers aan die Here te besorg.

Elke gemeente het verpligtinge met eie en ander werksaamhede wat die verantwoordelike hantering van alle fondse vereis en streng begrotingskontrole noodsaak. Saam met hierdie verpligtinge kom daar ook **roepstemme en uitdagings** om betrokke te raak by die nood van die wêreld en die uitbreiding van God se Koninkryk.

Ons mikpunt hierdie jaar is **R1 600 000-00**. Ons bede is dat al ons lidmate sal deelneem aan hierdie dankbaarheidsoffer-insameling en hul tiendes deur die loop van November sal bydra. **Baie dankie vir lidmate wat reeds hiertoe begin bydra het. Die bedrag van R246 250-00 is reeds ingesamel.**

Die **Dankbaarheidsoffer** kan op verskeie maniere gegee word :

- Gebruik die **Dankbaarheidsoffer koeverte** wat uitgedeel word en ook in die portale beskikbaar is.
- Bring die offer self deur die week na die **kantoor** of op 'n Sondag na die kerk. Dit kan ook in die **offergawe sakkie** geplaas word.
- Indien jy weet van iemand wat nie by die kerk / kerkkantoor kan uitkom nie, neem vir so 'n persoon 'n koevertjie en spreek af wanneer jy dit weer sal kom afhaal **OF** neem vrymoedigheid om die kerkkantoor te kontak by 021 975 6370 en praat met Christa. Sy sal 'n reëling tref om dit by jou af te haal.
- Betaal die offer **elektronies** oor in die gemeente se bankrekening : NG Gemeente Durbanville, ABSA Durbanville, Rek nr : 1410580019. Meld asb by die verwysing : voorletters en van / Dankbaar. **bv. J van Niekerk/Dankbaar.**
- Dankbaarheidsoffers kan ook saam met 'n dankbaarheidsbriefie in die **Oesmandjie** geplaas word wat in die liturgiese ruimte van die kerk en saal geplaas sal word.

Die Here is goed vir ons. Daarom eer ons die Here met offers van dank en lof. Mag God, aan wie elkeen en alles behoort ons harte vul met Sy liefde en krag sodat ons *dankbaarheidsoffers* kan bring wat Sy eer waardig is ... **Besin oor Sy goedheid ... Bid oor u gehoorsaamheid ... Gee dan uit dankbaarheid ... Leef in die vreugde dat God ons bly seën !**